GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President.)
(Assented to 5 January 2009.)

ACT

To amend the Tobacco Products Control Act, 1993, so as to define certain expressions and to amend certain definitions; to provide anew for the advertising, sponsorship, promotion, distribution and information required in respect of the packaging and labelling of tobacco products; to make the standards that apply to manufacturers of tobacco products applicable to importers of tobacco products; to prohibit the sale of tobacco products to and by persons under the age of 18 years; to extend the provisions in respect of free distribution of tobacco products; to provide anew for tobacco sales by means of vending machines; to extend the Minister's power to make regulations; and to adjust the provisions in respect of offences and penalties; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 83 of 1993, as amended by section 2 of Act 12 of 1999 and section 1 of Act 23 of 2007

1. Section 1 of the Tobacco Products Control Act, 1993 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of "advertisement" of the following definition:

" **'advertisement'**, in relation to any tobacco product—

(a) means any commercial communication or action brought to the attention of any member of the public in any manner with the aim, effect or likely effect of—

(i) promoting the sale or use of any tobacco product, tobacco product brand element or tobacco manufacturer's name in relation to a tobacco product; or

(ii) being regarded as a recommendation of a tobacco product;

(b) includes product placement; and

(c) excludes commercial communication between a tobacco manufacture or importer and its trade partners, business partners, employees and share holders and any communications required by law,

and 'advertise' has a corresponding meaning;";

greengazette

WYSIGINGSWET OP DIE BEHEER VAN TABAKPRODUKTE, 2008 **Wet No. 63, 2008**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui weglatings uit bestaande wetgewing aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande wetgewing aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 5 Januarie 2009.)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf en sekere omskrywings te wysig; opnuut voorsiening te maak vir die advertering, borgskap, promosie, verspreiding en inligting wat in verband met die verpakking en etikettering van tabakprodukte vereis word; die standaarde wat op vervaardigers van tabakprodukte van toepassing is op invoerders van tabakprodukte van toepassing te maak; die verkoop van tabakprodukte aan en deur persone onder die ouderdom van 18 jaar te verbied; die bepalings ten opsigte van gratis verspreiding van tabakprodukte uit te brei; opnuut vir die verkoop van tabakprodukte deur middel van munt-outomate voorsiening te maak; die Minister se bevoegdheid om regulasies te maak, uit te brei; en die bepalings ten opsigte van misdrywe en strawwe aan te pas; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 12 van 1999 en artikel 1 van Wet 23 van 2007

1. Artikel 1 van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "advertensie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'advertensie'**, met betrekking tot 'n tabakproduk—

(a) enige kommersiële kommunikasie of handeling wat op enige wyse onder die aandag van 'n lid van die publiek gebring word, met die doel, uitwerking of moontlike uitwerking om—

(i) die verkoop of gebruik van 'n tabakproduk, tabakproduk merkelement of naam van 'n tabakvervaardiger ten aansien van 'n tabakproduk te bevorder; of

(ii) as 'n aanbeveling vir 'n tabakproduk beskou te word;

(b) ook produkplasing; en

(c) nie kommersiële kommunikasie nie tussen 'n tabakvervaardiger of -invoerder en sy handelsvennote, besigheidsvennote, werknemers en aandeelhouers en enige kommunikasie wat deur die reg vereis word,

en het 'adverteer' 'n ooreenstemmende betekenis;";

(b) by the insertion after the definition of "advertisement" of the following definition:

" **'brand element'** includes the brand name, trade mark, trade name, distinguishing guise, logo, graphic arrangement, design, slogan, symbol, motto, selling message, print, typeface, recognisable colour or pattern of colours, or any other symbol of product identification, that is likely to be taken as or confused with any brand of tobacco product designed to promote tobacco use;";

(c) by the insertion after the definition of "'employed' or 'employment'" of the following definition:

" **'importer'** means any person who brings, or attempts to bring, a tobacco product into the Republic for the purposes of selling that product, and 'import' has a corresponding meaning;";

(d) by the substitution for the definition of "organised activity" of the following definition:

" **'organised activity'**—

(a) means any activity or event—

(i) which any member of the public **[attend]** attends or in which he or she participates **[in]**;

(ii) which is organised for the purposes of entertainment, sport or recreation or for educational or cultural purposes; and

(iii) where a tobacco product, or brand name, trade mark, logo or company name in relation to a tobacco product, is used in the name of or portrayal of the activity or event to promote tobacco use; but

(b) excludes any **[private activity or]** event arranged by a manufacturer, importer, distributor or retailer of a tobacco product where only its shareholders or its employees or their spouses or partners attend;";

(e) by the substitution for the definition of "package" of the following definition:

" **'package'** means **[any packing, carton, wrapping or any other]** the container, receptacle or wrapper in which tobacco products are **[generally]** sold, **[by]** supplied or distributed at wholesale or at retail;"; and

(f) by the insertion after the definition of "private dwelling" of the following definitions:

" **'product placement'** means the depiction of, or reference to, a tobacco product or brand element in a broadcast programme, film, video recording, telecast or other electronic medium for which the producer, or any other person associated with the broadcast programme, film, video recording, telecast or other electronic medium, receives payment in cash or otherwise;

'promotion' is the practice of fostering awareness of and positive attitudes towards a tobacco product, brand element or manufacturer for the purposes of selling the tobacco product or encouraging tobacco use, through various means, including direct advertisement, incentives, free distribution, entertainment, organised activities, marketing of brand elements by means of related events and products through any public medium of communication including cinematographic film, television production, radio production or the internet, and 'promote' has a corresponding meaning;".

greengazette

(b) deur die omskrywing "georganiseerde bedrywigheid" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'georganiseerde bedrywigheid'**—

(a) enige bedrywigheid of geleentheid—

(i) wat enige lid van die publiek bywoon of **[aan]** waaraan hy of sy deelneem;

(ii) wat georganiseer word vir doeleindes van vermaaklikheid, sport of ontspanning of vir opvoedkundige of kulturele doeleindes; en

(iiii) waar 'n tabakproduk, of handelsnaam, handelsmerk, logo of maatskappynaam met betrekking tot 'n tabakproduk in die naam van of uitbeelding van die bedrywigheid of geleentheid gebruik word om die gebruik van tabak te bevorder; maar

(b) met die uitsondering van **['n private bedrywigheid of]** enige geleentheid wat deur 'n vervaardiger, invoerder, verspreider of handelaar van 'n tabakproduk gereël word wat slegs sy aandeelhouers, of sy werknemers of hulle eggenotes of metgeselle bywoon;";

(c) deur na die omskrywing van "in diens" of "diens" die volgende omskrywings in te voeg:

"**'invoerder'** enige persoon wat 'n tabakproduk in die Republiek inbring of poog om dit in te bring met die doel om daardie produk te verkoop, en 'invoer' het 'n ooreenstemmende betekenis;";

'merkelement' ook die merknaam, handelsmerk, handelsnaam, onderskeidende voorkoms, logo, grafiese rangskikking, ontwerp, slagspreuk, simbool, leuse, verkoopsboodskap, druk, lettersoort, herkenbare kleur of patroon van kleure, of enige ander simbool van produkidentifikasie, wat moontlik beskou kan word as of verwar kan word met 'n merk van 'n tabakproduk wat ontwerp is om die gebruik van tabak te bevorder;";

(d) deur die omskrywing van "pakket" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**'pakket' ['n verpakking, karton, omhulsel of enige ander]** die houer, bevatter of omhulsel waarin tabakprodukte **[oor die algemeen]** in groothandel of die kleinhandel verkoop of verskaf of versprei word;"; en

(e) na die omskrywing van "privaatwoning" die volgende omskrywings in te voeg:

"**'produkplasing'** enige afbeelding van, of verwysing na, 'n tabakproduk of merkelement in 'n uitsaaiprogram, film, video-opname, beeldsending of ander elektroniese medium waarvoor die vervaardiger, of enige ander persoon wat met die uitsaaiprogram, film, video-opname, beeldsending of ander elektroniese medium verbind word, betaling in kontant of op 'n ander wyse ontvang;

'promosie' die praktyk om bewustheid van en positiewe houdings teenoor 'n tabakproduk, merkelement of vervaardiger te kweek vir doeleindes van die verkoop van die tabakproduk of die aanmoediging van tabakgebruik, op verskeie wyses, insluitende direkte advertering, aansporings, gratis verspreiding, vermaaklikheid, georganiseerde bedrywighede, die bemarking van merkelemente deur middel van verwante geleenthede en produkte deur enige openbare medium van kommunikasie, insluitende rolprente, televisieproduksies, radio-produksies of die internet, en het 'bevorder' 'n ooreenstemmende betekenis;".

greengazette

Substitution of section 3 of Act 83 of 1993, as substituted by section 4 of Act 12 of 1999

2. The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

"**Advertising, sponsorship, promotion, distribution, display and [required] information required in respect of [packages] packaging and labelling of tobacco products**

3. (1) *(a)* No person shall**[**—

*(a)***]** advertise**[, including the use of tobacco trade marks, logos, brand names or company names used on tobacco products; or**

(b) **use tobacco trade marks, logos, brand names or company names used on tobacco products for the purposes of advertising any organisation, service activity or event]** or promote, or cause any other person to advertise or promote, a tobacco product through any direct or indirect means, including through sponsorship of any organisation, event, service, physical establishment, programme, project, bursary, scholarship or any other method.

(b) A commercial communication between a tobacco manufacturer or importer and its trade partners, business partners, employees and share holders, must contain no other information except for factual information about the tobacco product, its characteristics, its availability or price, pictures of the tobacco products, the component parts and their packaging.

(2) No manufacturer, importer, distributor or retailer of tobacco products shall—

(a) organise or promote any organised activity that is to take place in whole or in part in the Republic;

(b) make any financial contribution to any organised activity that is to take place, or is taking place, or has taken place in whole or in part in the Republic;

(c) make any financial contribution to any person in respect of—

(i) the organisation or promotion of any organised activity in the Republic by that person;

(ii) the participation, by that person, in any organised activity that is to take place, or is taking place in whole or in part, in the Republic.

(3) **[A retailer of tobacco products may post in accordance with the regulations passed in relation to this Act, signs at the point of sale that indicate the availability of tobacco products and their price]** A manufacturer or importer of a tobacco product may make a charitable financial contribution or sponsorship, provided that such contribution or sponsorship is not for the purpose of advertisement.

[(4) No person shall sell or import for subsequent sale any prescribed tobacco product, unless—

(a) **such product is in a package;**

(b) **the package in which the tobacco product is sold bears the prescribed warning concerning the health hazards incidental to the smoking of tobacco products; and**

(c) **the quantities of the constituents present in the tobacco product concerned are stated on the package.]**

(5) Notwithstanding the provisions of **[section 3]** subsections (1), (2) and (3), the Minister may**[, by regulations, provide for]** prescribe exemptions for unintended consequences or the phasing out of existing sponsorship or contractual obligations.

(6) No person shall package or label a tobacco product in any way that is false, misleading, deceptive or likely to create any erroneous, deceptive or misleading impression about its characteristics, properties, health effects,

greengazette

Vervanging van artikel 3 van Wet 83 van 1993, soos vervang deur artikel 4 van Wet 12 van 1999

2. Die Hoofwet word hierby gewysig deur artikel 3 deur die volgende artikel te vervang:

"**Advertering, borgskap, promosie, verspreiding, vertoon en [vereiste] inligting wat vereis word ten opsigte van [pakkette] verpakking en etikettering van tabakprodukte**

3. (1) *(a)* Niemand mag**[**—

*(a)***]** op 'n direkte of indirekte wyse 'n tabakproduk adverteer**[, met inbegrip van die gebruik van tabakhandelsmerke, -logos, -handelsname of -maatskappyname wat op tabakprodukte gebruik word nie; of**

(b) **tabakhandelsmerke, -logos, -handelsname of -maatskappyname wat op tabakprodukte gebruik word, gebruik vir doeleindes van advertering van enige onderneming, diens, bedrywigheid of gebeurtenis nie]** of bevorder nie, of toelaat dat iemand anders dit adverteer of bevorder nie, insluitende deur borgskap van enige organisasie, geleentheid, diens, fisiese instelling, program, projek, beurs, studiebeurs of enige ander metode.

(b) 'n Kommersiële kommunikasie tussen 'n tabakvervaardiger of -invoerder en sy handelsvennote, besigheidsvennote, werknemers en aandeelhouers mag geen ander inligting insluit nie behalwe feitelike inligting oor die tabakproduk, sy kenmerke, sy beskikbaarheid of prys, prente van die tabakprodukte, komponentgedeeltes en hulle verpakking.

(2) Geen vervaardiger, invoerder, verspreider of kleinhandelaar van tabakprodukte mag—

(a) enige georganiseerde bedrywigheid wat in geheel of gedeeltelik in die Republiek gaan plaasvind, organiseer of bevorder nie;

(b) enige finansiële bydrae maak tot enige georganiseerde bedrywigheid wat in geheel of gedeeltelik in die Republiek gaan plaasvind, of plaasvind, of plaasgevind het nie;

(c) enige finansiële bydrae maak nie aan enige persoon met betrekking tot—

(i) die organisering of bevordering van enige georganiseerde bedrywigheid in die Republiek, deur daardie persoon;

(ii) die deelname van daardie persoon, aan enige georganiseerde bedrywigheid wat in geheel of gedeeltelik in die Republiek gaan plaasvind of plaasvind **[nie]**.

(3) **['n Kleinhandelaar van tabakprodukte, kan in ooreenstemming met die regulasies uitgevaardig met betrekking tot hierdie Wet, tekens by die verkooppunt aanbring wat die beskikbaarheid van tabakprodukte en hul prys aandui]** 'n Vervaardiger of invoerder van 'n tabakproduk kan 'n finansiële bydrae of borgskap vir liefdadigheid maak of toeken, mits daardie bydrae of borgskap nie vir die doeleindes van 'n advertensie is nie.

[(4) Niemand mag 'n voorgeskrewe tabakproduk verkoop of vir die daaropvolgende verkoop invoer nie, tensy—

***(a)* sodanige produk in 'n pakket is;**

***(b)* die voorgeskrewe waarskuwing betreffende die gesondheidsgevare verbonde aan die rook van tabakprodukte op die pakket waarin die tabakproduk verkoop word, verskyn; en**

***(c)* die hoeveelhede van die bestanddele wat in die betrokke tabakproduk aanwesig is, op die pakket vermeld word.]**

(5) Die Minister kan, ondanks die bepalings van **[artikel 3, by regulasie]** subartikels (1), (2) en (3), op die voorgeskrewe wyse voorsiening maak vir vrystelling vir onbedoelde gevolge of die uitfasering van bestaande borgskap- of kontraktuele verpligtings.

(6) Niemand mag 'n tabakproduk verpak of etiketteer nie op 'n wyse wat vals, misleidend of bedrieglik is of waarskynlik 'n verkeerde, bedrieglike of misleidende indruk oor die kenmerke, eienskappe, gesondheidseienskappe,

greengazette

toxicity, composition, merit, safety, hazards or emissions, including any term, descriptor, trade mark, figurative or other sign that directly or indirectly creates the impression that a particular tobacco product is less harmful than another tobacco product.

(7) No person shall manufacture for sale in the Republic, import for subsequent sale or sell a tobacco product—

(a) unless the tobacco product is packaged in the prescribed manner; and

(b) in a package or containing a label that contains false or misleading information or that is calculated to deceive the user of such product.

(8) A wholesaler shall display a tobacco product at his or her place of business in the prescribed manner.

(9) A retailer shall display—

(a) a notice in the prescribed manner in his or her place of business that contains the prescribed information regarding any tobacco product available at his or her place of business; and

(b) a tobacco product at his or her place of business in the prescribed manner and in such a way that no person shall be able to handle the tobacco product before paying for it.

(10) No person shall sell or offer to sell tobacco products at retail, unless the prescribed notices are displayed.

(11) This section must not be construed as limiting, amending, repealing or otherwise altering any legal obligation or liability in terms of any other law to warn consumers of the risks of using a tobacco product which a manufacturer, importer or retailer is bound by.".

Amendment of section 3A of Act 83 of 1993, as inserted by section 5 of Act 12 of 1999 and amended by section 3 of Act 23 of 2007

3. Section 3A of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"Standards for manufacturing, importing and export of tobacco products"; and

(b) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

"(1) No person shall manufacture or import a tobacco product unless it complies with such standards as may be prescribed.

(2) Every manufacturer and importer of a tobacco product shall provide such information about the product and its emissions to the Minister and the public as may be prescribed, in the prescribed manner and within the prescribed time.".

Substitution of section 4 of Act 83 of 1993, as amended by section 6 of Act 12 of 1999

4. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"**[Prohibition of sale of] Prohibitions in respect of tobacco products [to persons under age of 16 years]**

4. (1) No person shall sell or supply any tobacco product to any person under the age of **[16]** 18 years**[, whether for his personal use or not]**.

(2) The owner or person in charge of any business shall ensure that no person under the age of 18 years in his or her employ or under his or her control, as the case may be, shall sell or offer to sell any tobacco product on the business premises.

(3) No person may sell or supply any confectionary or toy that resembles or is intended to represent any tobacco product.

greengazette

giftigheid, samestelling, meriete, veiligheid, gevaarlikhede of emissies daarvan kan skep, insluitende enige term, beskrywing, handelsmerk, uitbeelding of ander teken wat direk of indirek die indruk wek dat 'n bepaalde tabakproduk minder skadelik is as 'n ander tabakproduk.

(7) Niemand mag 'n tabakproduk vervaardig vir verkoop in die Republiek, invoer vir daaropvolgende verkoop of 'n tabakproduk verkoop nie—

(a) tensy die tabakproduk op die voorgeskrewe wyse verpak is; en

(b) in 'n pakket of wat 'n etiket bevat wat vals of misleidende inligting bevat of wat daarop gemik is om die gebruiker van daardie produk te mislei.

(8) 'n Groothandelaar moet 'n tabakproduk in sy of haar besigheidplek op die voorgeskrewe wyse vertoon.

(9) 'n Kleinhandelaar moet—

(a) 'n kennisgewing wat die voorgeskrewe inligting bevat oor enige tabakproduk wat beskikbaar is in sy of haar besigheidsperseel op die voorgeskrewe wyse in sy of haar besigheidsperseel vertoon; en

(b) 'n tabakproduk in sy of haar besigheidsperseel op die voorgeskrewe wyse vertoon en op so 'n wyse dat niemand in staat is om die tabakproduk te hanteer alvorens daarvoor betaal is nie.

(10) Niemand mag tabakprodukte teen kleinhandel verkoop of te koop aanbied nie tensy die voorgeskrewe kennisgewings vertoon word.

(11) Hierdie artikel moet nie so uitgelê word dat dit enige regsverpligting of -aanspreeklikheid om verbruikers te waarsku teen die risiko's van die gebruik van 'n tabakproduk waaraan 'n vervaardiger, invoerder of kleinhandelaar gebonde is ingevolge enige ander reg, te beperk, wysig, herroep of andersins verander nie.".

Wysiging van artikel 3A van Wet 83 van 1993, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 12 van 1999 en gewysig deur artikel 3 van Wet 32 van 2007

3. Artikel 3A van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"Standaarde vir vervaardiging, invoer en uitvoer van tabakprodukte"; en

(b) deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Niemand mag 'n tabakproduk vervaardig of invoer nie tensy dit voldoen aan die standaarde wat voorgeskryf word.

(2) Elke vervaardiger of invoerder van 'n tabakproduk moet die inligting oor die produk en sy emissies wat voorgeskryf word op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tyd aan die Minister en die publiek verskaf.".

Vervanging van artikel 4 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 12 van 1999

4. Die Hoofwet word hierby gewysig deur artikel 4 deur die volgende artikel te vervang:

"**[Verbod op verkoop van] Verbod ten opsigte van tabakprodukte [aan persone onder die ouderdom van 16 jaar]**

4. (1) Niemand mag 'n tabakproduk aan iemand onder die ouderdom van **[16]** 18 jaar verkoop of verskaf nie**[, hetsy vir sy persoonlike gebruik of nie]**.

(2) Die eienaar of persoon in beheer van enige besigheid moet verseker dat geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar in sy of haar diens of onder sy of haar beheer, na gelang van die geval, 'n tabakproduk verkoop of te koop aanbied op die besigheidsperseel nie.

(3) Niemand mag lekkergoed of speelgoed verkoop of verskaf wat na 'n tabakproduk lyk of bedoel is om na 'n tabakproduk te lyk nie.

greengazette
paper friendly. user friendly.

(4) No person shall sell or offer to sell tobacco products in—

(a) any health establishment contemplated in section 1 of the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), including any pharmacy; and

(b) any place where a person under the age of 18 years receives education or training.

(5) *(a)* No person shall sell, offer to sell, supply, distribute or buy any tobacco product through the postal services, the internet or any other electronic media.

(b) The prohibition contained in paragraph *(a)* does not apply to any commercial communication between a tobacco manufacturer or importer and its trade partners, business partners, employees and shareholders.

(6) Subject to section 252A of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), the Director-General may authorise in writing any person or class of persons to monitor compliance with this section in the prescribed manner.".

Substitution of section 4A of Act 83 of 1993, as inserted by section 7 of Act 12 of 1999

5. The following section is hereby substituted for section 4A of the principal Act:

"**Free distribution and reward prohibited**

4A. (1) No manufacturer, distributor, importer or retailer of a tobacco product, or any person or agent acting on behalf of a manufacturer, distributor, importer or retailer, shall for free, or at a reduced price, other than a normal trade discount—

(a) distribute any tobacco product; or

(b) supply any tobacco product to any person for subsequent distribution.

(2) No person shall offer any gift, cash rebate or right to participate in or attend any contest, lottery or game, or any sporting, cultural, social or recreational event, to any person in consideration of the purchase of a tobacco product, or the furnishing of evidence of such a purchase, or the confirmation of use of a tobacco product.".

Substitution of section 5 of Act 83 of 1993, as amended by section 7 of Act 12 of 1999

6. The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"**Restrictions on use of [vending-machines] vending machines**

5. (1) **[The sale of tobacco products from vending machines shall be restricted to places in which purchases from such machines are inaccessible to persons under the age of sixteen years]** No person shall place a vending machine containing tobacco products in any indoor or outdoor location, other than in the specified public place which has been declared by the Minister under section 2(1)*(b)*.

(1A) A person who offers a tobacco product for sale by way of a vending machine shall—

(a) not use such vending machine for the sale of anything other than a tobacco product; and

(b) display a notice in the prescribed manner on the vending machine that contains the prescribed information regarding any tobacco product available for sale in that vending machine.

(2) It shall be the responsibility of any person during such time as he or she is responsible for or has control of the premises in which any vending machine is kept to ensure that no person under the age of **[sixteen]** 18 years makes use of any such machine.

greengazette

(4) Niemand mag 'n tabakproduk verkoop of te koop aanbied nie in—

(a) 'n gesondheidsinstelling beoog in artikel 1 van die Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003), insluitende 'n apteek; en

(b) enige plek waar 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar onderwys of opleiding ondergaan.

(5) *(a)* Niemand mag 'n tabakproduk verkoop, aanbied om te verkoop, verskaf, versprei of koop deur die posdiens, die internet of enige ander elektroniese media nie.

(b) Die verbod in paragraaf *(a)* vervat, is nie van toepassing op kommersiële kommunikasie tussen 'n tabakvervaardiger of -invoerder en sy handelsvennote, besigheidsvennote, werknemers en aandeelhouers nie.

(6) Die Direkteur-generaal kan 'n persoon of 'n klas persone skriftelik magtig om voldoening aan hierdie artikel op die voorgeskrewe wyse te moniteer, behoudens artikel 252A van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).".

Vervanging van artikel 4A van Wet 83 van 1993, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 12 van 1999

5. Die Hoofwet word hierby gewysig deur artikel 4A deur die volgende artikel te vervang:

"**Gratis verspreiding en beloning verbode**

4A. (1) Geen vervaardiger, verspreider, invoerder of kleinhandelaar van 'n tabakproduk, of enige persoon of agent wat namens die vervaardiger, verspreider, invoerder of kleinhandelaar optree, mag gratis, of teen 'n verlaagde prys anders as die normale handelsafslag—

(a) enige tabakproduk versprei; of

(b) aan enige persoon enige tabakproduk vir daaropvolgende verspreiding voorsien nie.

(2) Niemand mag aan enige persoon, enige geskenk, kontantkorting of die reg om aan enige kompetisie, lotery of spel, of enige sport-, kulturele, sosiale of ontspanningsgebeurtenis, deel te neem of by te woon as teenprestasie vir die aankoop van 'n tabakproduk, of die verskaffing van bewys van sodanige aankoop, of die bevestiging van gebruik van 'n tabakproduk, aanbied nie.".

Vervanging van artikel 5 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 12 van 1999

6. Die Hoofwet word hierby gewysig deur artikel 5 deur die volgende artikel te vervang:

"**Beperkings op gebruik van munt-outomate**

5. (1) [Die verkoop van tabakprodukte deur middel van munt-outomate is beperk tot plekke waar aankope vanaf sodanige outomate nie toeganklik is vir persone onder die ouderdom van sestien jaar nie] Niemand mag 'n munt-outomaat wat tabakprodukte bevat in enige binnens- of buitenshuise plek plaas nie, behalwe in daardie gedeelte van 'n openbare plek wat deur die Minister ingevolge artikel 2(1)*(b)* aangewys is.

(1A) 'n Persoon wat 'n tabakproduk te koop aanbied in 'n munt-outomaat—

(a) mag daardie munt-outomaat nie vir die verkoop van enigiets anders as 'n tabakproduk gebruik nie; en

(b) moet 'n kennigewing op die munt-outomaat op die voorgeskrewe wyse vertoon wat die voorgeskrewe inligting oor enige tabakproduk bevat wat vir verkoop in daardie munt-outomaat beskikbaar is.

(2) Dit is die verantwoordelikheid van enige persoon om, gedurende die tydperk wat sodanige persoon verantwoordelik is vir of beheer het oor die perseel waarin 'n munt-outomaat gehou word, toe te sien dat geen persoon onder die ouderdom van **[sestien]** 18 jaar van enige sodanige outomaat gebruik maak nie.

greengazette

(3) The Director-General may in writing direct the owner of the **[vending-machine]** vending machine in question or the person in control thereof—

(a) to take such precautionary measures as are specified in the **[direction]** directive to prevent the **[vending-machine]** vending machine being used by persons under the age of **[16]** 18 years; or

(b) to remove the **[vending-machine]** vending machine from the premises within the period specified in the **[direction]** directive.".

Amendment of section 6 of Act 83 of 1993, as amended by section 9 of Act 157 of 1993 and section 4 of Act 23 of 2007

7. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraphs:

"*(b)* the signs in respect of tobacco products and the information that must be displayed at points of sale and on vending machines, including—

(i) health warnings that must appear on the signs;

(ii) size and format of the signs;

(iii) location of the signs; and

(iv) the legal age at which tobacco products may be purchased.

*(b*A) information that must be displayed on a package containing a tobacco product and on an enclosed leaflet, picture or pictogram, including—

(i) information about the product and its emissions;

(ii) health hazards and health effects arising from the use of the product or from its emissions;

(iii) other health-related messages such as advice on how to stop smoking;

(iv) information that may not appear on packages; and

(v) the descriptors, package design characteristics, graphics or terms considered to be false, misleading, deceptive or likely to create any erroneous impression;";

(b) by the substitution in subsection (1)*(f)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"subject to Chapter 2 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, any information that a manufacturer or importer of a tobacco product must submit to the Minister and to the public, including information in respect of—";

(c) by the substitution in subsection (1)*(f)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) the quantity of a tobacco product manufactured or imported, as the case may be;"; and

(d) by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 7 of Act 83 of 1993, as substituted by section 5 of Act 23 of 2007

8. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections, respectively:

(2) Any person who contravenes or fails to comply with section 2(5), 3(8), (9)*(a)* or *(b)* or (10), 4(1), (2), (3), (4)*(a)* or *(b)* or (5) or 5, or contravenes or fails to comply with any regulation made in terms of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 000.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with **[the provisions of]** section 3(1), (2), (3), (6), (7)*(a)* or *(b)*, 3A, or 4A shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 000.".

greengazette

(3) Die Direkteur-generaal kan die eienaar van die betrokke munt-outomaat of die persoon in beheer daarvan skriftelik gelas—

(a) om die voorsorgmaatreëls wat in die lasgewing vermeld word, te tref om te verhoed dat die munt-outomaat deur persone onder die ouderdom van **[16]** 18 jaar gebruik word; of

(b) om die munt-outomaat binne die tydperk in die lasgewing vermeld van die perseel te verwyder.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 83 van 1993, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 157 van 1993 en artikel 4 van Wet 23 van 2007

7. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* die kennisgewings met betrekking tot tabakprodukte en die inligting wat daarop vertoon moet word by verkooppunte en op munt-outomate, insluitende—

(i) gesondheidswaarskuwings wat op die kennisgewings moet verskyn;

(ii) die grootte en formaat van die kennisgewings;

(iii) die ligging van die kennisgewings; en

(iv) die wetlike ouderdom waarteen tabakprodukte aangekoop mag word.

*(b*A) inligting wat op 'n pakket wat 'n tabakproduk bevat, moet verskyn en op 'n ingeslote pamflet, prent of piktogram, insluitende—

(i) inligting oor die produk en sy emissies;

(ii) gesondheidsgevare en gesondheidstoestande wat as gevolg van die gebruik van die produk en sy emissies ontstaan;

(iii) ander gesondheidsverwante boodskappe soos advies oor hoe om op te hou rook;

(iv) inligting wat nie op pakkette mag verskyn nie; en

(v) die beskrywings, pakketontwerpkenmerke, grafika of terme wat beskou word as vals, misleidend of daarop bereken is om 'n verkeerde indruk te skep;";

(b) deur in subartikel (1)*(f)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"behoudens Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, enige inligting wat 'n vervaardiger of invoerder van 'n tabakproduk aan die Minister en aan die publiek moet voorlê, met inbegrip van inligting ten opsigte van—";

(c) deur in subartikel (1)*(f)* subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) die hoeveelheid van 'n tabakproduk wat vervaardig of ingevoer word, na gelang van die geval;"; en

(d) deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 7 van Wet 83 van 1993, soos vervang deur artikel 5 van Wet 23 van 2007

8. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) Iemand wat artikel 2(5), 3(8), (9)*(a)* of *(b)* of (10), 4(1), (2), (3), (4)*(a)* of *(b)* of (5) of 5 oortree of versuim om dit na te kom, of 'n regulasie wat ingevolge hierdie Wet uitgevaardig is, oortree of versuim om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 000.

(3) Iemand wat **[die bepalings van]** artikel 3(1), (2), (3), (6), (7)*(a)* of *(b)*, 3A of 4A oortree of versuim om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000.".

greengazette

Transitional arrangement

9. Any notice or regulation issued by the Minister prior to the coming into operation of this Act remains in force until amended, repealed or replaced by a notice or regulation made by the Minister in terms of the principal Act.

Short title and commencement

10. This Act is called the Tobacco Products Control Amendment Act, 2008, and comes into operation on a date to be fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

greengazette
paper friendly. user friendly.

Oorgangsbepaling

9. 'n Kennisgewing of regulasie wat deur die Minister voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is, bly van krag totdat dit gewysig, herroep of vervang word deur 'n kennisgewing of regulasie wat deur die Minister ingevolge die Hoofwet uitgevaardig is.

Kort titel en inwerkingtreding

10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, 2008, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

greengazette